

Tapinanthus oleifolius, 'n semiparasiet op bome



Tapinanthus oleifolius in volle blom

E: Mistletoe, lighted candles
A: Vuurhoutjies, voëlent
D: Streichholzblume,
H: Otjiraura

Die vuurhoutjieplant is **BAIE LASTIG** in ons tuine; hulle sit graag op sitrus- en vyebome, en daar is net **EEN** manier om ontslae te raak daarvan: sny die tak met die parasiet uit.

In die veld kan dit op feitlik elke boomsoort groei, dis nie kieskeurig nie.....die gashere blykbaar ook nie.

Voëlent is halfparasities van aard, want dit groei op 'n gasheer vas om die se plantsap te gebruik. Aangesien dit groen blare het, is dit self in staat om sy eie "kos" te vervaardig d.m.v. fotosintese.



blomme het verskillende kleurskakerings...hier met 'n paar wit spikkels ...hier met baie wit spikkels hier selfs sonder rooi



so lyk dan die vruggies



hier het die parasiet op die gasheer gesit en die abnormale groei veroorsaak. Die houtrose word as dekorartikels verkoop

Die blomme is gewoonlik effekleurig rooi, maar kan ook wit spikkels hê. Binne-in die blomme is lekker soet nektar, wat dan ook talle insekte en miere aantrek. Kinders suig graag die soetheidjie onder uit die blommetjie. Boesmanmeisies gebruik dit as oorhangertjies, dit lyk pragtig.

Die blare is vaalgroen, effens sukkulent en goeie blaarkos vir diere; veral in droogtetye word alles gevreet waar die tong en bek kan bykom, takke met blaar en blom.

Die vruggie lyk helderrooi en bestaan uit 'n pit wat omring is deur 'n vlesige sagte smaaklike rooi vel. Die pit self het buiteom 'n laag taaierigheid. Voëltjies neem die vruggie op, en weens die taaierigheid bly sit dit op die voël se bek vas. Om ontslae te raak van die lastige ding, word die bekkie teen 'n tak gevrywe tot dit daar plak. As die tak lewendig is, stoot die pit sy worteltjie in die tak in tot by die bron van vog en beginne tap. Soos dit groei, tap dit vog, maak blomme en saad. Voëltjies kom en plak die lastige sade sommer op een van die takke en "ent" so die gasheer met nuwe parasiete. As die parasiete te veel tap, vrek die gasheerboom en saam daarmee ook die parasiet.....**maar** intussen is daar goed gesorg vir nuwe nageslagte **en** verspreiding van die plant!



taai pitte op tak geplak



sitplek van die halfparasiet

Nou het die inheemse mense hierdie taai sade gekou en die gom-pap op takke gesmeer, waar voëltjies graag kom sit om hulle so te vang vir kos. Wisselwerking?die voël vat die pit en die pit vang die voël?

By die Ovaherromense word die takke fyngestamp en by dikmelk gesit om dit 'n spesifieke geur te gee.

Vir my ontstaan die vraag, of hierdie soort semiparasitiese plante slegs uitbuit of hulle op een of ander manier iets teruggee aan sy gasheer. Wie weet?

Inligtingsbronne : Wildflowers of the Central Highlands (Coleen Mannheimer)
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)
Fotos en teks: Anka Eichhoff

(geaktualiseer) November 2016

